
Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

1925 2025

ECONOMIC AND MANAGEMENT SCIENCES
EYENZULULWAZI NGOQOQOSHO NOLAWULO
EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE




**VIR DIE JONSTE INLIGTING, RAADPLEEG DIE UNIVERSITEITSJAARBOEK, DEEL 10**

## Voorgraadse programme

Ons breë graadprogramme rus jou toe met 'n deeglike grondslag in ekonomiese, bestuurs- en wiskundige wetenskappe, asook vir 'n wye verskeidenheid beroepsfokusse. Indien jy onseker is, kies die algemene opsie vir BCom (Bestuurswetenskappe).

Ons bied ook programme aan wat jou vir professionele registrasie of sertifisering voorberei, en twee programme wat op regsgeleerdheid toegespits is. Om die leerplanne van die programme te sien, kyk in die Jaarboek, Deel 10.

**Let wel:**

- Fokusareas is kombinasies van modules in 'n program en is op 'n spesifieke loopbaan toegespits. Die fokusarea sal op jou studierekord gedruk word net indien jy in elke studiejaar oor die verpligte modules beskik.
- Jy kan van fokusarea verander gedurende jou studies, maar dit kan tot bykomende modules en studiejare lei.
- Keusemodules is toelaatbaar slegs indien die rooster die spesifieke kombinasie toelaat (d.i. om roosterbotsings te vermy)."

## Programgids

**Voorgraadse Diplomaprogramme**

Diploma in Volhoubare Ontwikkeling

**Breë graadprogramme met verskeie beroepsfokusse**

BCom (Bestuurswetenskappe)
BCom (Ekonomiese Wetenskappe)
BCom (Wiskundige Wetenskappe)
BCom (Internasionale Besigheid)
B Datawetenskap (BDatSci)
BCom (Bestuurswetenskappe)
Verlengdekurrikulumprogram

**Graadprogramme vir professionele registrasie**

BCom (Aktuariële Wetenskap)
BCom (Bedryfsielkunde)
BCom (Bestuursrekeningkunde)
BCom (Finansiële Rekeningkunde)
BRek

**Graadprogramme met n regsfokus**

BCom (Regsgeleerdheid)
BRekLLB





## Belangrike kontakbesonderhede

**Fakulteitsadministrateur**

(vir navrae rakende registrasie)
Me Lauren Delport
021 808 9111
registrarems@sun.ac.za

**Studentesakebeampte**

(vir navrae rakende voorgraadse programme)
Ms Ilse Frans
021 808 9525
emsinfo@sun.ac.za

**Kliëntedienssentrum**

(vir algemene navrae)
021 808 9111
info@sun.ac.za





www.sun.ac.za/ebw

## FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

### Minimum toelatingsvereistes en keuring (2025/2026)

**Let wel:** Alle aansoeke sluit op 31 Julie 2025. Die universiteitsraad stel teikens vir die algehele getal studente aan die Universiteit. Die Fakulteit bestuur dan al die inskrywings van voornemende voorgraadse studente om daardie teikens te behaal en seker te maak dat die algehele getal inskrywings nie die beskikbare kapasiteit oorskry nie. Dit beteken dat daar studente kan wees wat aan die minimum vereistes vir 'n gegewe program voldoen, maar nie toegelaat word nie. **Vir die jongste inligting en prosesse rakende keuringskriteria, besoek die fakulteitswebtuiste (www.sun.ac.za/ebw).**

Internasionale aansoekers en aansoekers wat 'n internasionale kurrikulum voltooi het of besig is om te voltooi, word aangemoedig om die Universiteit Stellenbosch se Internasionale kantoor (SUI) by **suiundergrads@sun.ac.za** te kontak oor hoe om hul punte met die NSS-toelatingsvereistes van die Fakulteit te vergelyk. Kontak SUI ook met enige spesifieke navrae oor hoe om by US aansoek te doen.

§ Die NSS-gemiddeld is gebaseer op die punte van jou ses beste vakke (Lewensoriëntering uitgesluit).

* Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes: Engels Huistaal 50% **OF** Afrikaans Huistaal 50% **OF** Engels Eerste Addisionele Taal 70% **OF** Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70%

**BCom (Bestuurswetenskappe), en BCom (Bedryfsielkunde)**
NSS-gemiddeld§ 65%
Wiskunde 60%
Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*

---

**BCom (Ekonomiese Wetenskappe)**

NSS-gemiddeld§ 65%
Wiskunde 60%

Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*

Om vir die fokusareas Ekonometrie en Finansiële Sektor te registreer, moet jy 'n finale graad 12-wiskundepunt van 70% of hoër hê, aangesien dit die vereiste vir 'n verpligte module in hierdie fokusareas is. Let daarop dat hierdie vereiste ook geld vir die stroom Algemene Ekonomiese Wetenskappe as jy vir Aktuariële Wetenskap 112 wil inskryf.

---

**BCom (Wiskundige Wetenskappe)**

NSS-gemiddeld§ 70%
Wiskunde 75%
Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*

---

**BCom (Internasionale Besigheid)**

*Onderrigtaal: Engels*
NSS-gemiddeld§ 80%
Wiskunde 70%
Engels Huistaal 70% **OF**
Engels Eerste Addisionele Taal 80%

**B Datawetenskap (BDatSci)**

*Onderrigtaal: Engels*
NSS-gemiddeld§ 80%
Wiskunde 80%
Huistaal 60%
Indien Engels of Afrikaans nie die huistaal is nie, dan Engels Eerste Addisionele Taal 75% **OF** Afrikaans Addisionele Taal 75%

---

**BCom (Aktuariële Wetenskap)**

NSS-gemiddeld§ 80%
Wiskunde 80%
Huistaal 60%
Indien Engels nie die huistaal is nie, dan Engels Eerste Addisionele Taal 75%.

---

**BCom (Finansiële Rekeningkunde) en BCom (Bestuursrekeningkunde)**
NSS-gemiddeld§ 65%
Wiskunde 60%
Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*

---

**BCom (Bestuurswe tenskappe) Verlengdekurrikulumprogram**

NSS-gemiddeld§ 60%
Wiskunde 50%
Minimum EBW-taaltoelatingsvereiste*

**BRek**

NSS-gemiddeld§ 70%
Wiskunde 70% **OF**
Rekeningkunde 70% **EN** Wiskunde 60%
Minimum EBW-taaltoelatingsvereistes*

---

**BCom (Regsgeleerdheid)**

NSS-gemiddeld§ 70%
Wiskunde 60%
Afrikaans Huistaal 60% **OF**
Engels Huistaal 60% **OF**
Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70% **OF**
Engels Eerste Addisionele Taal 70%

---

**BRekLLB**

NSS-gemiddeld§ 80%
Wiskunde 70% **OF**
Rekeningkunde 70% **EN** Wiskunde 60%
Afrikaans Huistaal 60% **OF**
Engels Huistaal 60% **OF**
Afrikaans Eerste Addisionele Taal 70% **OF**
Engels Eerste Addisionele Taale 70%

---

**Diploma in Volhoubare Ontwikkeling**

*Onderrigtaal: Engels*
NSS-gemiddeld§ 55%
Wiskunde 50% **OF**
Wiskundige Geletterdheid 60% **OF**
Wiskunde 40% or Wiskundige Geletterdheid 50% **EN** 60% vir Besigheidstudies of Ekonomie of Rekeningkunde
Engels Huistaal 50% **OF** Engels Eerste Addisionele Taal 60%

## 01 | Breë programme

### 1.1 BCom-program

Dit is die Fakulteit se breedste program. Dit word aan studente toegeken wat vanuit 'n ander fakulteitsprogram na BCom wil artikuleer (oorskakel), en wat aan die programvereistes voldoen. Eerstejaarstudente kan dus nie vir die program registreer nie. As jy in 'n breë program belangstel, raai ons jou aan om vir BCom (Bestuurswetenskappe) te registreer.

### 1.2 BCom (Bestuurswetenskappe)

Hierdie program is vir studente wat 'n loopbaan in 'n bestuursveld wil volg. Behalwe die algemene BCom (Bestuurswetenskappe) wat die breedste modulekeuse bied, is daar ook verskeie fokusareas wat grotendeels jou uiteindelike beroep sal bepaal. Finansiële Beplanning en Beleggingsbestuur word as professionele fokusareas beskou, want hulle bied 'n geleentheid vir professionele registrasie. Die 11 fokusareas is:

- Beleggingsbestuur
- Bemarkingsbestuur
- Besigheidsanalitiek
- Entrepreneurskap en Innovasiebestuur
- Finansiële Beplanning
- Finansiële Bestuur
- Informasiestelselsbestuur
- Landbou-ekonomie
- Logistiek en Voorsieningskettingbestuur
- Menslikehulpbronbestuur
- Openbare en Ontwikkelingsbestuur

*Om die leerplanne van die onderskeie fokusareas te sien, kyk in die Jaarboek, Deel 10.*



### 1.3 BCom (Ekonomiese Wetenskappe)

Dié program fokus byna uitsluitlik op leerareas in ekonomie. Weens die belangrikheid van statistiek vir die ontwikkeling van hoëvlak- ekonomiese ontleding, word statistiek of wiskundige statistiek tot op tweedejaarsvlak vir die program vereis. Bo en behalwe die breë algemene program, word die volgende vier fokusareas aangebied:

- Ekonometrie
- Ekonomiese en Bestuurskonsultasie
- Finansiële Sektor
- Vervoerekonomie

*Om die leerplanne van die onderskeie fokusareas te sien, kyk in die Jaarboek, Deel 10.*

### 1.4 BCom (Wiskundige Wetenskappe)

Hierdie program het 'n skerper fokus op wiskunde en wiskundige statistiek, wat albei verpligtend is tot in die tweede jaar. Behalwe die algemene program is daar boonop drie fokusareas:

- Datawetenskap
- Finansiële Risikobestuur
- Operasionele Navorsing

*Om die leerplanne van die onderskeie fokusareas te sien, kyk in die Jaarboek, Deel 10.*

### 1.5 BCom (Internasionale Besigheid)

Hierdie keuringsprogram van vier jaar is 'n baanbreker in voorgraadse besigheidsopleiding. Studente trek voordeel uit 'n verrykte ervaring danksy interaksie met internasionale studente (deur middel van 'n internasionale uitruiltydperk van ses maande) en die wêreldwye markplek, wat hulle toerus om rolspelers met 'n wêreldingesteldheid in die internasionale kennisekonomie te wees. Dis 'n unieke program in SA en slegs 'n beperkte aantal studente word aanvaar.

### 1.6 B Datawetenskap (BDatSci)

Die inhoud van hierdie vierjaarprogram is só saamgestel dat dit aan die behoeftes van die vierde industriële revolusie voldoen. Die kwalifikasie sal graduandi in staat stel om bevindings afkomstig van verskeie data-hulpbronne in uitvoerbare besigheidstrategieë te omskep. Die uittreevlak van die program is honneurs. Studente wat verder wil studeer ná hierdie kwalifikasie, kan dus vir 'n meestersgraad inskryf. Op die gebied van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe word drie fokusareas aangebied:

- Analitika en Optimering
- Gedragsekonomie
- Statistiese Leer

*Om die leerplanne van die onderskeie fokusareas te sien, kyk in die Jaarboek, Deel 10 of by www.sun.ac.za/datascience.*

## 02 | Professionele graadprogramme

### 2.1 BCom (Aktuariële Wetenskap)

Aktuarisse is deskundiges in die ontleding en modellering van situasies wat finansiële risiko en onvoorsiene gebeurlikhede kan inhou. Om 'n aktuaris te word ('n genoot van die Aktuariële Genootskap van Suid-Afrika), moet jy die 15 eksamens van die professionele liggaam slaag en oor voldoende werkservaring beskik. Suksesvolle studente kan tydens hul grade BCom (Aktuariële Wetenskap) en HonsBCom vir baie van dié eksamens vrystelling kry.

### 2.2 BCom (Bedryfsielkunde)

Bedryfsielkundiges is kennisvennote wat werknemers se prestasie optimaliseer in belang van 'n onderneming se kernbesigheid. Om te kwalifiseer as 'n psigometrikus wat by die Raad vir Gesondheidsberoepe van Suid-Afrika (HPCSA) geregistreer is, moet jy sowel 'n BCom as 'n HonsBCom (Bedryfsielkunde) voltooi, 'n BPsig-ekwivalensieprogram van ses maande deurloop en die beroepsraad se eksamen slaag. Om te kwalifiseer as 'n bedryfsielkundige wat by die HPCSA geregistreer is, moet jy die program MCom (Bedryfsielkunde) voltooi, 'n internskap van 12 maande doen en die beroepsraad se eksamen slaag.

### 2.3 BCom (Bestuursrekeningkunde)

Hierdie program berei jou voor vir 'n loopbaan as 'n geoktrooieerde bestuursrekenmeester en stel jou in staat om op finansiële bevoegdhede te fokus en finansiële inligting in die bestuur van 'n sakeonderneming te vertolk en te gebruik. Die internasionaal erkende professionele kwalifikasie van geoktrooieerde bestuursrekenmeester word verwerf deur die eksamens van die Chartered Institute of Management Accountants (CIMA, Londen) suksesvol af te lê.

### 2.4 BCom (Finansiële Rekeningkunde)

Hierdie program is ontwerp om jou voor te berei vir 'n loopbaan as 'n gesertifiseerde rekenmeester. Dié internasionaal erkende professionele kwalifikasie word behaal deur die eksamens van die Association of Chartered Certified Accountants (ACCA, Londen) suksesvol af te lê. Daarmee kwalifiseer jy om finansiële state voor te berei, interne oudits te doen en oor besigheidskwessies en belastingsake advies te verskaf.

### 2.5 BRek

Hierdie program is die eerste stap om as geoktrooieerde rekenmeester opgelei te word. Om uiteindelik as GR te kwalifiseer, moet jy eers die grade BRek én HonsBRek verwerf. Daarna moet jy die eksamens van die SA Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR/SAICA) en/of die Onafhanklike Regulatoriese Raad van Ouditeure (IRBA) deurkom. 'n Geoktrooieerde rekenmeester is toegerus om maatskappye se finansiële state te oudit. Loopbane in finansiële bestuur, bestuursrekeningkunde of belastingkonsultasie kan ook oorweeg word.

## 03 | Programme wat studie in Regsgeleerdheid insluit

Let wel: Die Fakulteit Regsgeleerdheid keur studente vir hierdie programme.

### 3.1 BCom (Regsgeleerdheid)

Ná voltooiing van hierdie program kan jy jou nagraadse studie óf in regsgeleerdheid óf in jou hoofvak in ekonomiese en bestuurswetenskappe voortsit. Só verwerf jy ekonomiese en bestuursvaardighede sowel as 'n gesogte, breër agtergrond en dieper begrip van hoe regsreëls in die algemeen in die samelewing toegepas word.

### 3.2 BRekLLB

Hierdie program rus jou eerstens toe om as rekenmeester te praktiseer en tweedens 'n loopbaan in regsgeleerdheid te volg. 'n Voordeel van hierdie program is dat die BRekLLB- kwalifikasie binne vyf jaar verwerf word.



## 04 | BCom (Bestuurswetenskappe) Verlengdekurrikulumprogram

Hierdie Baccalaureus-program word tot vier jaar verleng deur die kernmodules vir die eerste jaar oor twee jaar aan te bied. In die eerste studiejaar word bykomende, voorbereidende modules aangebied om studente se akademiese grondslag te versterk. Studente moet hierdie voorbereidende modules deurkom om tot die volgende studiejaar te kan vorder. Professionele ontwikkelingsmodules word verder by elke studiejaar ingesluit om graduandi vir die werksomgewing van die 21ste eeu te posisioneer.



## 05 | Diploma in Volhoubare Ontwikkeling*

**Voorgraadse diplomaprogram**

Hierdie naskoolse diplomaprogram is drie jaar lank, het 'n werkplek-geïntegreerde leerkomponent en word by die Volhoubaarheidsinstituut te Lynedoch aangebied. Die multidissiplinêre program rus studente met die kennis en vaardighede toe om van entrepreneursgeleenthede in die breë veld van volhoubare ontwikkeling gebruik te maak.

**Kontak die Skool vir Publieke Leierskap by 021 881 3952 of per e-pos by diploma@sun.ac.za vir verdere inligting.*



